Maandag **22 Julie**

**Skrifgedeelte: Jeremia 31:1-40**

**Fokusgedeelte: Jeremia 31:23-25 (AFR2020)**

**Daar is troos en herstel in die beloftes van God**

Gister het ons gelees hoedat Jeremia die sondes van die volk van God uitspel en ook die straf wat God beplan, verkondig. Vandag vind ons die groot kontras in ons gelese gedeelte teenoor bogenoemde. God is getrou, en nou bring Jeremia die beloftes van herstel en seën na die verbondsvolk van God.

Jeremia bring die belofte van God van herstel aan die verbondsvolk ten spyte van hulle sonde en die straf van ballingskap. Die volk van God sal herstel word in hulle terugkeer na Jerusalem. Hierdie woorde van Jeremia sien twee horisonne, die nuwe horison wanneer die volk Juda sal terugkeer na Jerusalem en opbou en uitbou sal plaasvind. Maar dan ook die tweede horison van die saambring van al die kinders van God uit die nasies van die wêreld met die wederkoms. Die profesieë of beelde wat God aan Jeremia gee in sy slaap, het baie meer betekenis as die hier en nou van die volk van God in hulle tyd en omstandigheid.

Hier sien ons die nuwe begin en die vooruitsig van die nuwe verbond wat God met sy kinders elkeen persoonlik tot stand sou bring in sy Seun (vs 29-30) Die ou verbond was om mense se gedrag te bepaal met regulasies en wette, maar die nuwe verbond sal die karakter van die mens verander. Dit sal die hart van die mens vernuwe om met die hele wese die wil van God te soek en Hom te loof en prys.

Ons leef in die nuwe verbond wat deur Jesus Christus vir ons gebring is en ons leef met ons oë op die tweede horison van die wederkoms van Christus. Wat ’n voorreg om die beloftes van God te ontvang en ook te leef met die wat reeds in vervulling gekom het. Vertrou God alleen in alles wat jou hart oordink, want Hy kan nie ontrou wees aan sy beloftes nie.

*Sing: Skrifberyming 14 (8-1):1, 2*

*Ds. HM (Herman) Stavast (Wierdapark)*